

## NAMIBIE UITREIK 2020

### Namibië 2020

2020 se uitreik het aangebreek, ons permit-aansoeke is ingedien, datums is vasgemaak en die plaas is bevestig. Tog hou die jaar groter uitdagings as die gewone in. Te midde van die globale pandemie wat meeste van die wêreld in afsondering gedompel het, bly 7 broers positief glo dat Hy dit so sal beskik dat die uitreik sal voortgaan.

2019 se droogte het ons buurland se wildbedryf op sy knieë gedwing. Mens en natuur het baie swaar gekry. Plase waar ons al gejag het in die Stampriet omgewing, wat in 8 jaar nie 'n druppel reën gehad het nie. Dink jou dit in .....

Opnuut besef jy hoe klein, nietig en afhanklik ons is.

IN SY DIENS

–

IN SY NATUUR

–

TOT SY EER

–

VIR SY WOORD

–

IN SY OPDRAG

**VIR ENIGE  
NAVRAE**

Jan Minnie

[jan@janminnie.co.za](mailto:jan@janminnie.co.za)

Sel 082 856 9862

## Die aanloop

### 2013

Tydens 'n jaguitstappie die jaar sit 3 manne Ben van Vreden, Dr. Pieter Heystek en Jan Minnie om 'n kampvuur en gesels oor baie dinge, onder andere oor hoe lekker dit sal wees om eendag in Namibië te kan gaan jag. Hier het die uitreik begin.

Dr. Pieter het aangebied om 'n kollega van hom, Dr. Theuns De Klerk van die Okahandja gemeente, te nader vir advies oor waar ons lekker kan gaan jag. Die twee predikante se vriendskap kom van hulle studentedae op die PUK waar hulle 'n kamer in die koshuis gedeel het en later ook 'n kompartement op die trein tydens diensplig.

### 2014

Ons jagreëlings was gefinaliseer en op 18 Julie 2014 om 03:15 vertrek ons opgewonde na Okahandja waar ons op die plaas OVIUMBO OOS van Ben en Petro Slabbert sou gaan jag.

Die groep het uit 8 lede bestaan, van links Jan Minnie, Ben van Vreden, Johnny Roberts, Flip van der Walt, Werner Victor, Leon van der Walt Dawid Willemse en Dr. Pieter Heystek.

Ons was oorweldig deur ons gashere se ontvangs en gasvryheid. Die aande se kuier om die vuur terwyl ons uit volle bors die FAK deursing het, het gelei tot 'n vriendskap van 'n ander formaat.

Familie oor grense.

Die jagervaring was onvergeetlik!

Namibië se mense, natuur en water doen iets aan 'n mens wat jy nie lekker kan verduidelik nie. Jy weet net, diep binne in jou, jy soek nog!



## 2015

Tydens die Sinode in Potchefstroom het Dr. Pieter en Dr. Theuns weer een aand gesit en koffie drink, so sê hulle, toe Dr. Theuns vra of die groep jagters nie nog 'n slag sal wil kom jag nie. Die keer met die doel om die vleis terug te neem na Pretoria om te verkoop en sodoende die fondse in Okahandja aan te vul met die wins.

Die groep is weer byeengeroep en het soos een man ingestem. Kort daarna het die komitee begin met verkope en bestellings is geneem onder lidmate van Montanapoort. Die bestellings het net meer en meer geword. Biltong & Droëwors volgens wildspesie, Maalvleis, Braaiwors, Burger Patties, Kaaswors, Salami, Cabanossi en Chilly Bites.

Voor die jagters se vertrek het hulle reeds die volgende benodig om die bestellings te kon vervul :

Gemsbokke	x 21
Koedoes	x 12
Springbokke	x 88
Elande	x 9
Vlakvarke	x 20

Die lidmate van Okahandja, onder leiding van Dr. Theuns de Klerk, het aangebied om al die pad na Pretoria te reis om vir die Montanapoort gemeente 'n wildsfees-ete aan te bied as teken van dankbaarheid vir een-wees oor landsgrense heen. Die kaartjies vir die ete het uitverkoop in 'n oogwink en het tot gevolg gehad dat 'n tweede sitting aangebied was. Die het ook uitverkoop!

Met die jagspan se terugkeer het hulle vir weke lank elke aand vleis verwerk en gedroog. Genoeg om die bestellings wat vooraf geneem was te kon lewer en ook genoeg vir die wildsfees-ete wat op 29 Augustus sou plaasvind.

In totaal was meer as 8 ton vleis verwerk!

Lidmate van Okahandja het na Pretoria gereis om op 'n eg Namibiese wyse die feesmaal vir die Gala Etes voor te berei. 410 lidmate en vriende kon aansit en smul, 'n onvergeetlike ervaring.

Deur Sy genade en leiding kon die uitreik na afloop van 'n geseënde jag uitstappie in Namibië en 'n feestelike afsluiting in Pretoria R100 000.00 aan die Gereformeerde Kerk Van Namibië se Okahandja gemeente oorbetal.

God se kerk het nie grense nie !!

### Aanhaling uit brief van Dr. De Klerk aan die Montanapoort Jagters

*Wanneer daar geleenthede soos hierdie Wildsfees saam met Montanapoort kom, dan besef mens weer die grootheid van God se genade. Geloofsbande wat saambind en saam laat beleef. Gawes wat gedeel kan word en wat weer moed gee. Wat ons die voete van 'n ribbok gee om weer op hoë plekke te kom. Dankie vir julle liefde.*

Dr. Theuns de Klerk



## 2016

Die jaar was geen uitsondering nie en 'n span jagters was weer op pad na Namibië.

Die Gereformeerde Kerk Namibië het 'n bedieningsfonds tot stand gebring met die doel om onder andere klein, ver af geleë en kwynende gemeentes finansiëel by te staan. Die komitee onder lyding van Dr. Theuns de Klerk was die taak opgelê om deur verskeie projekte vir die doel fondse in te samel.

Die bedienings fonds het beslis dat die opbrengste van die 2016 uitreik ten bate van die Otjiwarongo gemeente sou wees.

Die projek was weer bo verwagting geseën en ons was in die vermoë om R70 000 oor te betaal.

## 2017

Die span vertrek op 30 Junie om 05:00, opgewonde in afwagting vir die avontuur wat wag anderkant die grense van Namibië.

Die lede van die uitreikspan was :

Dr. Pieter Heystek, Tjaart Henning, Ben Van Vreden, Fanus Heystek, Flip Bester, Johan Lyons Jan Minnie, Coenie Scheepers, Riaan Swart & Albie Van Vreden.

Anders as vorige jare, het ons nie weer deur Botswana na Namibië gereis nie maar die jaar via Upington, op pad na die plaas van Piet Alberts, Zamnarib. Zamnarib is geleë op die C21 pad tussen Kalkrand en Maltahohe.

Hier het die jagters die veld vir 5 dae aangevat en na hartelus gejag, gemsbokke, koedoes , springbokke en vlakvarke.

Dis ver jag, 300m en verder, maar dis lekker.



Kalkrand se wêreld is hard met 'n unieke natuurskoon anders as wat ons in vorige jare mee bekend geraak het.

Elke jaar is dit ons voorreg om 'n ander deel van die bekoorlike land en sy mense te leer ken, elke jaar sy eie avontuur.



Die uitreik was weer bo verwagting geseënd. Die span het na afloop van die projek R85 000 aan die Gereformeerde Kerke van Namibiese se Bedieningsfonds oorbetaal.

Wie sou ooit kon dink dat ons deur ons liefde vir die natuur en jag die geleentheid sou hê om ons Vader te dien en sy Koninkryk uit te bou.

## 2018

Ons jagtog was weereens baie geseënd. Die mense van Grootfontein met hulle groot harte het ons jagtog onvergeetlik gemaak.


Spanfoto geneem om Peet Vermaak se plaas. Die klein boer met die groot hart, tweede van links.



**Die aller grootste hoogtepunt was egter dat ons uitreik geseënd was om R 80 000 aan die Namibiese Bedieningsfonds kon oorbetaal.**



## Ben Slabbert



**Gebore: 16.01.1938**  
**Afsterwe: 31.08.2018**


Skaars was ons tuis toe die slegte nuus van Ben Slabbert se afsterwe ons bereik.

Die boer van Okahandja, met sy liefde vir die Here, die Kerk en ons, het diep spore getrap.

Saam met sy vrou Petro en seun Ben, ons eerste gashere in 2014 en deurslaggewend tot die Montanapoort uitreik in die jare daarna, ons ewige dank.

Die stofpad na Oviumbo Oos, die Boekevat saans, die saamsing, die snuif, die lekker lag, skuinslê, die saamsit om die tafel, die liefde en omgee, die hand wat altyd oop was, dit is vir ewig in ons gedagtes en siele ingeëts.

Ben Slabbert jy word gemis.



## 2019

2019 se droogte en die uitdagings wat dit vir boere ingehou het was van die redes waarom daar besluit was om die jaar se uitreik uit te stel.

## 2020

Ons volgende geleentheid om die voortgang van die evangelie in ons buurland te ondersteun is om die draai. Kampvuur en jagstories, maar ook Skriflesing en gebed. Dit is alles deel van elke jagtog se avontuur en belewenis.

Tog is hierdie jagtogte anders as gewone jagtogte, want dit is nie primêr tot ons eie voordeel nie, maar tot die voordeel van die voortgang van die Boodschap van vrede en hoop en verwagting.

Dr. Theuns De Klerk het in soveel woorde tydens 'n telefoongesprek beklemtoon hoe maklik 'n plattelandse gemeente vergete en verlate kan voel.

Die soort interaksie en meelewing laat hulle dadelik weer deel voel en het 'n baie positiewe en opwindende uitwerking op hulle gemeente.

***“Hier brand die vure ook hoog. Rooi tapyt is reg en die gemeste kalf is gereed vir slag.”***

'n Aanhaling uit Dr. Theuns se baie e-posse.

Terwyl dit ons fokus is gaan ons verseker nie 'n tekort aan pret en avontuur hê nie. Ons jag, kuier, lag, eet en en en. Wees gewaarsku, die land en sy mense kruip onder jou vel in en dit verander jou!

Ons glo dat ons nog die jaar, as dit die Vader so behaag, die genadevoorreg sal hê om 2020 se uitreik deur te voer.